# Wat is gloukoom?

Gloukoom is ‘n groep oogsiektes wat op progressiewe skade aan die oogsenuwee uitloop.[1] Aangesien die oogsenuwee die sleutel is tot die deurstuur van boodskappe van die oë af na die brein, kan gloukoom aanleiding gee tot ‘n geleidelike verlies aan sig en dit kan uiteindelik blindheid veroorsaak.[1]

# Waarom, behoort u te toets vir gloukoom?

Wanneer ‘n persoon aan gloukoom ly, het hulle gewoonlik las van verhoogde interne intraokulêre druk (IOD), of druk binne-in die oog[1], en dit is die enigste risikofaktor verbonde aan die siekte wat ‘n mens kan verander.[2] In seldsame gevalle, egter, kan selfs mense wie se oogdruk binne normale perke is, gloukoom ontwikkel.[1]


**Die enigste manier waarop ‘n mens kan weet of jy gloukoom het, is om daarvoor te toets – u oggeneesheer of optometris sal (bo en behalwe ander toetse) ‘n druktoets doen om te kyk of die oogdruk in u oë hoër as normaal is.[1]**

# Wat gebeur as u las het van gloukoom?

Indien dit onbehandel gelaat word, kan gloukoom aanleiding gee tot blindheid. Die goeie nuus egter is dat daar ‘n wye reeks opsies is wat sal help om die druk in die oog te verlaag.[1] Daar is geen geneesmiddel vir gloukoom nie[3], en sig wat verlore gaan, kan nie herstel word nie, maar behandeling kan die verergering van die siekte verlangsaam.[3]

U geneesheer sal gewoonlik met behandeling begin deur oogdruppels voor te skryf om die druk in die oog te help verminder.[2] U geneesheer mag moontlik ‘n enkele oogdruppelmedikasie of ‘n kombinasie van oogdruppels voorskryf aangesien mense moontlik meer as een tipe oogdruppel nodig het om hulle oogdruk laag genoeg te hou.[2]

**Dit is baie belangrik om u gloukoommedikasie volgens die voorskrif te gebruik ten einde enige verergering van die siekte te vertraag[1]**




# Hoe om die oogdruppels te gebruik

**U moet u behandelingsplan behoorlik deurvoer ten einde u gloukoom te beheer en u teen moontlike verdere verlies aan sig te beskerm[3]**

1. Gebruik u oogdruppels presies soos voorgelig[5]
2. Moenie meer druppels op ‘n slag insit as wat voorgeskryf is nie[5]
3. Moenie die druppels langer gebruik as wat voorgeskryf is nie[5]


# 7 Maklike stappe vir die gebruik van oogdruppels


**1.** Was u hande met seep en warm water. Droog hulle af met 'n skoon handdoek.[7]

**2.** Verwyder die doppie van die botteltjie. Moenie aan die drupperpunt van die botteltjie raak nie.[6]

**3.** Kantel u kop agtertoe sodat u na die plafon kyk.[6,7]

**4.** Met u wysvinger op die sagte plek net onder die onderste ooglid geplaas, trek sagkens ondertoe om 'n sakkie te vorm. Plaas een druppel in die sakkie in u onderste ooglid. Moenie die oog knip, jou oog afvee, of met die drupperpunt van die botteltjie aan u oog of gesig raak nie.[6,7]
Die botteltjie se drupperpunt is so ontwerp dat dit een druppel op 'n slag lewer en u moet òf teen die onderkant van die botteltjie druk (A), òf die botteltjie aan die kante knyp (B).[8]




**5.** Maak u oog toe. Gebruik u vinger en plaas druk op waar die ooglede tot by die neus strek met u oë toe. Hou die druk net so vir 2 tot 3 minute.[6,7,9]

**6.** Was u hande om enige van die oogdruppels te verwyder wat moontlik op hulle oorgebly het.[6,7]

**7.** Indien u meer as een tipe oogdruppels insit, wag vyf minute voor u die volgende oogdruppel insit.[9]

Kontaklense behoort nie gebruik te word wanneer sommige oogdruppels gebruik word nie. Vind asseblief uit by u gesondheidsorgverskaffer of u u kontaklense kan dra met die oogdruppels wat voorgeskryf is.[10]

diagnoseer behandel bewaar